# Elke blikkie tel!

Die blikkie-insamelingsprojek gedurende Barmhartigheidsmaand het almal se verwagtinge oortref! Die finale aantal blikke was 1 428! Van die mooi stories wat hieruit voortgevloei het, is byvoorbeeld die tiener wat sy snoepie-geld hierdie maand gespaar het en ses blikkies daarvan vir die projek gekoop het!



*Laerskool Eikestad se Eikiehartprojek het 'n krat kos ontvang vir die gesinne wat deur die skool ondersteun word.*

Lynne du Toit het die heel eerste dag net na 08:00 haar tien blikke gebring. Pieter Leibbrandt het net voor 13:00 op die laaste dag sy blikke gestuur. Baie dankie aan elkeen wat sy/haar deel gedoen het en blikkies gebring het. 'n Baie groot dankie aan Mbulelu Kadji wat hierdie projek sy eie gemaak het – hy was elke Maandag so opgewonde, trots en vol praktiese idees wanneer ons "blikke gewerk het"!



*Stellenbosch Voedingsaksie se bakkie word gelaai.*

Met die oorhandiging van die blikkies, het Liesel Koen van Voedingsaksie en Anriëtte van die ACVV getuig hoe baie hierdie groot hoeveelheid kos vir hul organisasies beteken. Stellenbosch-Welgelegen maak werklik 'n verskil deur hierdie organisasies se hande te sterk in hul groot taak om die voedselnood in ons gemeenskap te help verlig. Soos wat Jesus grense oorgesteek het en barmhartigheid bewys het aan die armes, is dit ons plig om sy werk hier in ons dorp voort te sit.



*Die ACVV glimlag breed en is dankbaar vir die vrywilligers wat die bokse kos help laai het.*

*"Following Jesus is not about seperating ourselves from those considered less holy or unclean. Following Jesus means that like Him, we get our hands dirty serving others, caring especially for those whom the world has cast aside. True faithfulness is not about clean hands, but a heart cleansed and a life shaped by the radical, self-giving love of God in Christ." – Elisabeth Johnson*

# Só het ons gegee ...







